
Sandton City
VREDEVOLLE KERSFEES &
'N WONDERLIKE NUWEJAAR





**Kersfees 2020 — wie van ons sou kon dink dat hierdie jaar so sou verander dat ons gemasker en versigtig deur ons dae leef en dit voel asof daar 'n dekade verby is in een jaar?**

Binne ons Christen-tradisie is dit die maand waarin ons die geboorte van Jesus vier en daarmee ons eie 'wedergeboorte'; ... Dus is dit teen die einde van die jaar 'n tyd om terug te kyk na die jaar wat verby is en die soet en die suur, die goed en die sleg, die lesse geleer en lesse vergeet, weer te herbesoek sodat ons die beste en mooiste van dié jaar kan saamvat vir die volgende jaar.

Kersfees is ook 'n tyd vir families en vriende om bymekaar te kom alhoewel hierdie jaar sekerlik gestrem sal wees en daar veel meer versigtigheid sal wees oor waarheen ons reis en hoeveel mense ons om ons tafels sal hê. Dit is 'n seisoen waarin die Kersfees-gees van vrede en vreugde, dankbaarheid en waardering, weer onthou word en ons dit gebruik om ons batterye te herlaai vir die jaar wat voorlê.

Daarom is dit my gebed dat ons hierdie jaar sal afsluit met ook tyd vir nadenke en bepeinsing — 'n tyd om bewustelik en aandagtig te leef sodat dit nie net nóg 'n Kersfees sal wees nie, maar waarlik 'n seisoen waarin ons in alle opsigte sal inloop en oorloop van die LIEFDE wat ons bely en van getuig.

Dankie aan almal wat hierdie jaar, in meer as een opsig, bygedra het om vir my as mens — in hart, gedagtes, siel, en verstand te laat groei.



Geseënde Kersfees asook alles wat mooi is vir die feesseisoen en 2021!

Soos altyd
**Terblanche**








# KERSFEES IN AFRIKA

**Kersfees**, vanaf ***Kerst***, 'n Middelnederlandse naam vir '*Christus*', en dus letterlik *Christusfees* is 'n tradisionele herdenkingsdag op die Christelike kalender wat plaasvind op die vyf-en-twintigste dag van Desember en vier die geboorte van Jesus. In Afrika val die klem sterk op die godsdienstige viering van Jesus se geboorte eerder as op geskenke gee.

Soos in die meeste Christelike kulture vorm 'n kersete met vriende en familie 'n belangrike feestelike ritueel in Afrika.

Hierdie dag lê in hoogsomer in Suidelike Afrika met temperature rondom 36°C. Kersfees in Afrika behoort dus weg te hardloop van rooi mussies en groen jassies, want hier is nie sneeu tydens kerstyd nie; moulose bloese, kortbroek en sandale is eerder van pas in Afrika. Hier is nie takbokke en slees nie, maar donkies en 'n donkiekar. Hier hoef ons nie 'n denneboom te gebruik nie, want garingbome is tog so eie aan ons tuisland. Geroosterde kalkoen kan maar plek maak vir iets tipies Suid-Afrikaans soos 'n lekker vleisbraai saam met familie.



**Vier vanjaar die Christusfees met 'n gevoel van Afrika!**
**Edward**



## KERSLIEDJIE
## DJ OPPERMAN

Drie outas het in die haai Karoo
die ster gesien en die engel geglo,

hul kieries en drie bondels gevat
en aangestryk met 'n jakkalspad

al agter die ding wat skuiwend skyn
op 'n plakkie, 'n klip, 'n syferfontein,

oor die sink en die sak van Distrik Ses
waar 'n kersie brand in 'n stukkende fles,

en daar tussen esels en makriel
die krip gesien en neergekniel.

Die skaapvet, eiers en biltong
nederig gelê voor God se klong

en die Here gedank in gesang en gebed
vir 'n kindjie wat ook dié volk sou red ...

Oor die hele affêre het uit 'n hoek
'n broeis bantam agterdogtig gekloek.





# SOMERFEES & WYNVEILING










VOORGEREGTE














**Groot dank vir al die skenkings ter waarde van R32 000 wat op veiling verkoop is vir**

**R 86 310**

**Somerfees lewer 'n wins van**

**R 77 787**

**DANKIE VIR AL DIE ONDERSTEUNING**



**Hier word die vier wenners van die gelukkigetrekking aangewys.**
**Dit lewer 'n wins van**

**R 3 810**



**AFSLAERS IN VOLLE SWANG**

# NEO-SPEKTRUM GEDURENDE 2021

**WYSHEIDSIRKEL VAN NEO-SPEKTRUM**

**ELKE SONDAG OM 10:00**
**IN DIE KAPEL BY KOLPING SENTRUM**

## UK—VERGADERINGS

- 10 Februarie
- 26 Mei
- 22 September
- 3 November

## JAARVERGADERINGS

- 11 April: Spesiale JV
- 21 November: Algemene JV

## AANBIEDINGE

- 7 Maart: Sirkelete by Kolping
- 8 Mei: Geskiedenis van die Bybel
  Ou Testament
- 15 Mei: Geskiedenis van die Bybel
  Nuwe Testament
- Junie: MES Winterhoop
- 31 Julie: Spiritualiteitskonferensie
- 6 Augustus: MES Vrouedagete
- 12 September: Sirkelete
- 10 Oktober: NS bestaan 10 jaar
- November: Huis Jabes - Somerhoop
- 13 November: Somerfees & Wynveiling



## NAGMAAL NA COVID-19

**ELKEEN KRY SELF WYN EN HOSTIES (WAFERS) VOOR IN KAPEL; HIGIËNE SPEEL 'N BAIE BELANGRIKE ROL IN AFHAAL VAN HOSTIES.**



## GESPREKSGROEPE

Die GESPREKSGROEPE sal volgende jaar na die skoolvakansie weer hervat. Elke tweede Donderdagaand by Kolping @ 19:30 en elke tweede Maandagaand by Terblanche aan huis in Tamboerskloof @ 19:30. Gaan hervat met Brené Brown se boek 'Rising Strong' en kyk hoe dit gaan en of daarmee aangehou sal word en of daar weer na ACIM teruggegaan sal word.

## BOEKGROEP (ed56chris@gmail.com)

- Vergader om 19:00 op 1ste Maandagaand van die maand by Fontijn 204, Newhaven-straat 1, Durbanville (vanaf 1 Februarie 2021)
- Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor. Dit dien as aanknopings-punt vir verdere bespreking.

Edward Smuts: Samesteller
ed56chris@gmail.com

Chrisna Smuts: Taalversorging
chrisna1949@gmail.com